

**Skriflesing:** Sagaria 11:4-13; Mattheus 26:1-16

Teks: **Sagaria 11:12-13; Mattheus 26:14-15**

**Sing- Ps. 31:1,3; Ps. 25:4,7; Ps.71:9,12; Ps. 145:1,2,3**

Vanoggend is die Sondag wat bekend staan as Hervormingsondag. Broeder en suster, omdat Martin Luther op 31 Oktober 1517 die kerk van die Here voor oë gehad het, toe hy sy 95 stellinge teen die kerk deur van Wittenberg vasgeslaan het. Om kerk van die Here te wees het deur die eeue nog altyd baie vrae en baie insigte geverg. Dit was nog nooit maklik om kerk te wees nie.

Kerk-wees vra dat daar na die koninkryk van God gesoek sal word . Kerk-wees eis dat ons aan God gehoorsaam sal wees. Kerk-wees gaan werklik oor reformasie en nie transformasie nie. Transformasie, soos ons woordeboeke ons leer, gaan oor 'n gedaanteverandering, daar vind 'n verandering in die samestelling plaas. Die wese van 'n saak verander as dit getransformeer word. Reformasie is nie transformasie nie, maar reformasie is om te herstel wat stukkend is. Dit vereis kundige herstelwerk. Op ons geloofslewe en die kerklike lewe toegepas is reformasie om opnuut na die oorspronklike terug te keer. Die kerklike herstel kan alleen plaasvind as daar wéér na die Woord van God teruggekeer word.

\*\*\*

Dit is waaruit ons hele kerk-wees moet bestaan. Die Woord van God en die Woord alleen. Ons belydenis, ons sang, ons gebede, alles hiermee saam wat reeds vir eeue ons geskenk is, ons aanvaar dit, nie omdat dit oud is nie, nie omdat dit deel van ons tradisie is nie, maar dit wat op die Woord van God gegrond is, dit is waarna ons moet soek. Die Skrif alleen (sola Scriptura), genade alleen (sola gratia), die geloof alleen (sola fidei), ja Christus alleen (solo Christo), GELOOF, GENADE EN DIE WOORD, is alleen belangrik, omdat Christus die enigste is wat belangrik is. Wanneer daar in die kerk na meer gesoek word as net Christus alleen, dan is so 'n kerk nie meer met reformasie besig nie.

Laat ons dit ook dadelik vir mekaar sê, wanneer reformasie nie meer plaasvind nie, dan vind daar oombliklik deformasie plaas. Daar is nie 'n middeweg, 'n neutrale grond tussen reformasie en deformasie moontlik nie. Wie nie met reformasie besig is nie, is reeds besig om te deformeer die oomblik as reformasie begin wegval. So maklik vind deformasie plaas. Vanoggend se gelese gedeeltes laat ons dit duidelik aanskou. Hoe daar by Sagaria en in sy omstandighede deformasie was, hoe het Judas Iskariot gedeformeer.

\*\*\*

Sagaria was aangestel as herder oor die skape van die Here, 'n herder vir die volk van God. Die skape was ontrou. Sagaria word al moeër om met hierdie moedswillige skape te werk. Daar was onder die skape nie teenwoordig dit wat op Sagaria se twee stawwe gestaan het nie, *lieflikheid* en *samebinding*. Sagaria breek naderhand die staf waarop die woord LIEFLIKHEID geskryf staan. Sagaria het die deformatsie onder sy volk homself so sterk aangetrek, dat hy vra vir die ander herders, hulle wat op 'n manier “sy kerkraad” moes wees, gee my geld wat my diens werd was. As hulle hom niks wil gee nie, dan weet hy ook wat was hy vir hulle werd. Hulle het toe vir Sagaria dertig silwerstukke afgeweeg.

Dertig silwerstukke wat na hom aangerol kom, dertig silwerstukke is dieselfde bedrag wat 'n eienaar van 'n bees aan 'n slaaf moes betaal, as die bees die slaaf gestoot het. Dit is 'n slaweloon, 'n slaweprys!

\*\*\*

Broeder en suster, dit is nie toevallig dit wat Sagaria oorgekom het nie. Die ontroue skape het hulle herder vir 30 silwerstukke afgegee, hy is vir hulle nie meer iets werd nie. Hy is vir hulle maar 30 silwerstukke werd. Wanneer staf lieflikheid breek, dan kan die tweede staf, samebinding, maar net sowel gebreek word. In die Hebreeus dra hierdie tweede staf die naam *חֹבֶלִים* *chobelim*- wat ook vertaal kan word as EENHEID/ OM VERENIG TE WEES. As die staf *נֶעַם* *no`am* – LIEFLIKHEID, wat ook as aangenaamheid, mooiheid, lieflikheid, vertaal kan word, as daardie lieflikheid nie meer daar is nie, dan sal die samebinding, die vereniging, die eenheid nie meer gedien kan word nie. Dan word die stawwe gebreek.

\*\*\*

Broeder en suster, 'n blinde kan met 'n stok aanvoel as sulke dinge gebeur waar gelowiges as kerk van die Here, met lieflike eenheid saamgebind moet wees, dan kom daar breekskade. Daar kom nog groter skade. Daar kom 'n rewolusie en dit in die kerk van die Here. Wanneer mense met 'n gees van transformasie wat eintlik niks anders is nie, as deformatsie, hulleself begin handhaaf dan word God se getroue dienaars, soos Sagaria hier, 'n klompie geldstukke aangegee, om net van hom wat eintlik reformasie wou hê, ontslae te raak.

Dit is mos rewolusionêr, dit is rewolusie om Sagaria by die punt te bring dat hy stawwe wat sulke mooi betekenis moes uitdra, daar voor die oë van almal stukkend te breek. Wanneer die transformasie wat maar eintlik deformatsie is tot rewolusie aanleiding gee. Ja, dit is rewolusionêr dit wat in Sagaria 11 gebeur, maar nou eindig dit nie by Sagaria nie.

Die opskrif hier, kan ons sê, die 30 silwerstukke, waar deformatsie plaasvind, rol die eeue voort. Dertig silwerstukke het nie opgehou rol nie, want het ons weer te doen met die teendeel van Sagaria. Sagaria was 'n goeie herder, hy wou in alle opsigte 'n goeie herder wees, hy wou sy volk reformeer, maar sy volk raak van hom ontslae met 30 silwerstukke.

\*\*\*

Judas Iskariot, wat op 'n ander tyd, op 'n ander manier, ja op 'n meer besondere manier nog as Sagaria, herder moes wees. Judas was aangestel om die geldbeurs van die dissipels op te pas. Hy was 'n slegte oppasser. Ons lees, hy was 'n dief. En nou kom die 30 silwerstukke weer aangerol. Judas wat herder moet wees, hy raak teleurgesteld in die Opperherder. Judas die man van transformasie en nie reformasie nie.

Hoekom kan ek dit sê?! Judas het gehoop Jesus gaan Israel transformeer. Jesus gaan grootskaalse veranderinge kan aanbring. Soos ons reeds gesê het, transformasie wil die wese van sake verander, dat dit heeltemal van die oorspronklike moet wegbeweeg, daar moet bevryding kom in alle opsigte. Judas het gehoop Jesus bring hierdie totale veranderde omgewing dat hulle Hom (Jesus) as politieke leier kan vereer wat hulle van die aardse swaarkry sou losmaak. Toe Jesus nie met transformasie besig is nie, maar in werklikheid reformasie, om sy kinders in baie opsigte nog swaarder dinge te laat hoor. Ter wille van God se Koninkryk kan daar nog swaarder dinge met julle gebeur, alles behalwe politieke bevryding, soos Judas gehoop het.

In sy ontnugtering gaan Judas na die owerpriesters om by hulle te hoor, wat sal hulle hom betaal om Jesus uit te lewer. Broeder en suster, daar hoor ons dit, vir die goeie Herder, die beste wat daar kan wees, die prys op Sy kop is dieselfde as vir die vroeëre goeie herder, Sagaria. Wéér dertig silwerstukke! Watter veragtelike prys om vir die beste Herder wat daar kan wees, vir Judas dit aan te bied. Asof Hy wat God se Seun is, deur mense verkoop mag word. Dieselfde wat 'n slaaf betaal word as 'n bees hom stoot.

In die deformatsie wat hier plaasvind het die prys nie eers verbeter nie. Skokkend om te besef, hoe alles duurder word, maar die evangelie word al goedkoper gemaak. Die prys bly dieselfde, maar 30 silwerstukke sou nog in waarde minder wees as in Sagaria se tyd. Die mens wat die volmaakte Woord al goedkoper wil maak, al word dieselfde bedrae genoem. Is dit nie deformatsie in sy ergste vorm nie, broeder en suster?!

\*\*\*

In Sagaria lees ons hy het daardie 30 silwerstukke op die pottebakkers vloer neergegooi. Vanaf daardie vloer rol dit uit die hande van die owerpriesters na Judas toe en terug, sonder dat hulle wat veronderstel was om ook herders te wees, die betekenis van Sagaria verstaan. Met Sagaria was dit nie die eerste keer dat die volk van die Here nie waarlik die betekenis van wat geprofeteer was mislees nie. Die mens wil hoor wat hy/sy graag wil hoor. Ons wil ons eie betekenis in sake inlees, ons wil wat gereformeer is baie keer transformeer en dan verstaan ons agterna nie die fatale gevolge van ons eie onbesonne dade nie. Dink maar aan die stad wat Israel met hulle intog eerste moes inneem. Jerigo wat God nie deur krag of deur geweld nie, maar met die blaas van basuine en met musiek platgevee het. Ja, die Psalms kan die magtigste wapen wees, maar dan moet dit waarlik geglo word.

In die geval van Jerigo, 500 jaar nog voor Sagaria, meer as 1000 jaar voor Jesus as Mens gekom het, het Josua in die naam van die Here 'n vloek afgekondig op die een wat ná Jerigo se val weer die stad se mure wou herbou. (So paar maande gelede het ons in 'n preek hierna gekyk.) Die Here wou dat Jerigo 'n ruïne bly. Daardie ruïne-klippe van Jerigo was niks anders nie as 'n profesie soos wat Sagaria se 30 silwerstukke op die pottebakkers vloer 'n profesie sou wees. Israel moes Jerigo stukkend los, sodat die stukkende stad, die los klippe van 'n afgebreekte stad moet verkondig hoe God sy genade in hierdie stad laat kom het. Daardie los klippe was niks anders as God se banier, simbool van God se genade dat God het hierdie stad so platgevee. Jerigo wat die invalspoort na die beloofde land was, die eerste wat Israel kon inneem.

Daarom gee die Here die opdrag, los dit stukkend, dit is juis reformasie wanneer na God geluister word en daar op God se sorg en beskerming gehoop word, dan sal ook die nageslag onthou, Jerigo het nie geval deur stormramme en mensekrag nie, née, soos Sagaria dit ook mos sê, *nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees* (Sag4:6). Toe kom die goddelose koning Agab en hy gee aan Hiël opdrag om weer die mure te herbou. Hy wil transformeer waar daar gereformeer moes word. Agab wil die stad van sy gebreekte gedaante laat verander want het hy geen saak met wat God se genade beteken en hoe God sy genade in die gebreekte klippe laat afteken nie. En daar op die bouperseel het Hiël sy kinders verloor omdat daar nie by God se reformasie gehou was nie. Na God het hulle nie geluister nie. Dan sal hulle ook nie die profesie van die gebreekte klippe wou begryp nie.

Die mens kom dan met sy eie planne vanaf Jerigo, vanoor die pottebakker vloer rol die gelde voort en maak die Evangelie goedkoop soos ons dit vandag nog hoor. Judas se dertig silwerstukke wat mense hom moes betaal om Jesus te verraaï, het nie opgehou rol nie. Mense wil nog altyd God se genade probeer ongedaan maak. So het die mens dit in Jerigo wou doen, in Sagaria, ja Judas, watter reuse verraaier was hy nie, dit vir 'n skamele bedraggie! Dieselfde veragtelike bedrag waarmee Sagaria afbetaal is.

\*\*\*

Sagaria staan aan die einde van die Ou Testament. Jesus wat alle geskiedenis ken, alle geskiedenis wat in Hom sou saamtrek, Hyself die ontknoping van die geskiedenis, Hy is die omwenteling van God se raad, Jesus is die kern van al God se heil. Jesus ontvang nie 'n beter prys as Sagaria nie. Weer 30 silwerstukke! Sagaria was die teken van 'n volk so gedeformeer, wat vir Sagaria 'n belaglike prys betaal, terwyl hy (Sagaria) vir hulle die kosbaarste wou gee, dit wat geld nie kan koop nie, nl. God se Woord. Sagaria word afbetaal, weggejaag vir 30 silwerstukke. Die skape jaag die herder weg! Dit kan nie reformasie wees nie, dit is deformasie in al sy vorme.

\*\*\*

Dit wat Martin Luther en die klein groepie voor Hom (die Waldense, John Wiclif, Johannes Hus, Savonarola en die Broeders des Gemenen Levens) en ja Johannes Calvyn na Luther, maar ook Huldrich Zwingli, Heinrich Bullinger, Maartin Bucer, John Knox, almal reformatore.... vandag wil ons dink aan wat hulle gedoen het, om die kerk te wil reformeer, waar dit veral ook weer geld was wat die Roomse kerk so laat deformeer het. Dink maar aan Tetsel wat aflaatbriewe aan mense wou verkoop om geld te kry om die Petrus-kerk in Rome te bou, ja die vagevuur sluit ook geld in.... geld, geld, dit is wat Paulus vir Timotheus skrywe. *Geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels* (1 Tim 6:10) en die prediker uit die Hebreërs roep ons toe om vry te wees van geldgierigheid- Heb. 13:5 *Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.*

Geliefdes, Hervormingsondag laat ons besef ons moet terugkeer na die goeie Herder. Keer terug na sy Woord. Judas se 30 silwerstukke wat nou nog rol as mense die Skrif bevraagteken, wanneer mense die Woord van God in tyds rame en kultuurgrense en sosio-historiese verklarings verkleineer en kanaliseer, op baie maniere probeer mense eintlik die goeie Herder weg te wys. Dit wat met Sagaria al die geval was, soveel te meer nog met Jesus. Reformasie, hervorming, dit wat ons vandag herdenk vra dat ons sal besef wat is die

Woord van God vir ons werd, wat is ons geloof vir ons werd, wat is genade vir ons werd, hoeveel gewig plaas ons vir God se eer, maar 'n skamele dertig op ons program. Dit wat geld nie kan koop nie, dit is mense baie keer geneig om dit goedkoop te wil maak. Kom ons besef ons is te arm om dit wat God vir ons gedoen het, ooit te bereken.

Die hoogste prys is betaal, die bloed, die lewe van sy eie Kind. Moet Hom, hierdie Kind van God, ons goeie Herder nie wil wegstuur nie. Kom na Hom, luister na Hom, Hy wat die prys betaal het, toe daar vir Hom so 'n klein prysie gemaak is. Hy het die prys betaal, wat God van Hom gevra het. Die geregtigheid wat alleen Hom toekom het Hy vir ons betaal. Daarom laat ons hierdie Hervormingsondag leef met die volle prys reeds daarvoor betaal, ja dan gaan dit oor hierdie sake wat ons weer moet terugbring na God se Woord. Soek net God se eer, leef alleen by sy Woord, vra na sy genade alleen, wat u in die geloof alleen kan doen.

AMEN